# Legendariese Helde:

# Josua – Vrees en intimidasie

**Louis Du Piesanie 23/06/2019**

## 1. HOE WERK INTIMIDASIE:

**1.1.** Die wortel van intimidasie is vrees, en vrees veroorsaak dat mense op hulself fokus eerder as op God.

**1.2.** As jy in 'n posisie van vrees en intimidasie is, word jy uit jou gesagsposisie gehaal en die gawe van God wat in jou is word uitgeblus.

## 2. TWEE REAKSIES OP INTIMIDASIE:

**2.1.** **Valse nederigheid –** 'n Mens vermy konfrontasie en raak 'n vrede bewaarder eerder as 'n vredemaker. Jy ignoreer situasies en hoop dat dit net sal weg gaan.

**2.2.** **Streef na mag en beheer eerder as karakter –** 'n Mens weier om woede of bitterheid te verwerk. Jy is gewoonlik dan lawaaierig en probeer jou probleme wegsteek.

## 3. REDES VIR INTIMIDASIE:

**3.1.** **Fisies** – Jy is dalk nie so groot, mooi, maer, of aantreklik soos die persoon langs jou nie.

**3.2.** **Intellektuel** – Jy dink nie dat jy slim genoeg is nie.

**3.3.** **Tekort aan sukses** – Jy voel nie dat jy dit in die lewe maak nie.

**3.4.** **Mislukking** – Jy het mislukkings in jou lewe ervaar.

## 4. VOORBEELD VAN JOSUA:

**4.1.** God het vir Josua in 'n nuwe posisie geplaas. Hy moes leiding neem in 'n 40 jaar oue belofte. Hy moes die Israeliete, wie vol vrees en intimidasie was, die beloofde land in lei.

**Josua 1: 2 (AFR83) "Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee."**

**4.2.** In Josua 1 sê God drie keer vir Josua om sterk en vol moed te wees.

**4.3.** God se teenmiddel vir vrees was om Joshua aan te moedig deur te fokus op krag en moed, en nie op swakheid en vrees nie.

5. **TEENMIDDELS VIR VREES:**

**5.1.** **God se beloftes en waarheid** – Ons moet aan God se beloftes en Woord vashou.

**Josua 1: 3 (Die Bybel vir almal) "Ek het dit vir Moses belowe, en daarom sal Ek vir julle elke plek gee waar julle sal kom"**

**5.2.** **God se teenwoordigheid** – Ons kan nie sonder sy teenwoordigheid funksioneer nie.

**Josua 1: 5 (Die Bybel vir almal) "So lank soos jy lewe, sal niemand jou kan oorwin nie. Ek sal by jou wees, soos Ek by Moses was. Ek sal jou nie los nie, Ek sal altyd by jou wees."**

**5.3.** **God se Woord.**

**Josua 1: 8 (Die Bybel vir almal) "Jy moet aanhou om te lees wat in hierdie wetboek staan, jy moet elke dag en elke nag daaroor dink, dan sal jy seker maak dat jy alles doen wat daarin geskryf is. Jy sal kan doen wat jy moet doen en jy sal slaag."**

**5.4.** **Ons** moet die teenmiddels wat God vir ons gee **toepas.** Ons reaksie op die teenmiddel moet as volg wees:

**2 Korintiërs 10:5 (Die Boodskap) "Elke hooghartige leuen wat die ware kennis van God probeer verdraai, loop ons met God se wapens onderstebo. En elke gedagte wat deur ons koppe gaan, neem ons gevange en lewer dit aan Christus uit."**

**5.5.** Ons moet leuens met God se waarheid vervang.

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Sukkel jy soms met intimidasie? Wat veroorsaak intimidasie in jou lewe?
2. Op watter van die twee maniere (genoem in punt 2) reageer jy wanneer jy geïntimideerd voel?
3. Hoe kan jy, persoonlik, die teenmiddels (genoem in punt 5) gebruik om intimidasie in jou lewe te oorbrug?